

Publication: Beeld,Saturday (Sport)
Publication Date: 24 Mar 2018
Page: 36

AVE: 17292.00
Circulation: 36105
Part: 1 of 1

# SA se hoop op dié atlete



**Ruswahl Samaai** Foto: GALLO IMAGES

**Wim Pretorius**

Ná haar briljante vertonings die afgelope twee weke, is Caster Semenya Suid-Afrika se grootste hoop om minstens een goue medalje op die atletiekbaan by die Statebondspele in Australië te verower.

Semenya, wat aanstaande maand in die Goudkus 'n dubbele aanslag sal loods in die 800 m en die 1 500 m, het vanjaar voortgebou op die peil wat haar verlede jaar 'n goue medalje (800 m) en bronsmedalje (1 500 m) by die Wêreldkampioenskap in Londen besorg het.

Semenya spog tans met die twee voorste tye vanjaar in die wêreld in die 800 m. Sy het by die SA byeenkoms in Pretoria 'n 1:58.92 in die uitdunne gehardloop en in die eindronde 'n vinniger 1:57.80 aangeteken. Uganda se Dorcus Ajok (2:00.02) is die naaste aan Semenya se tye. Semenya het boonop Donderdag by die Grand Prix-byeenkoms in die Paarl ook die wêreld se voorste tyd in die 1 500 gehardloop (4:02.50). Sy sal by die Statebondspele met die twee Keniane, Faith Kipyegon, wat verlede jaar 3:57.04 gehardloop het, en Winny Chebet (3:59.16) moet afreken in die 1 500.

Clarence Munyai sal na Australië opruk met die wêreld se oë op hom nadat hy die Suid-Afrikaanse rekord aan flarde gelaat het met 'n wêreldklastyd van 19.69 sek. in die 200 m by die SA kampioenskap. Dit was die tiende vinnigste tyd in atletiek-geskiedenis en die vinnigste tyd in die wêreld sedert 2016.

Die verspringers Luvo Manyonga en Ruswahl Samaai sal die land se sterkste aanspraakmakers op medaljes in die velditems wees. Manyonga spog met 'n beste afstand van 8,41 m dié seisoen en Samaai is kort op sy hakke met 8,39 m. Agt van die toptien-afstande in die wêreld vanjaar is deur Suid-Afrikaners aangeteken.

Die 100 m-wedloop by die Statebondspele beloof ook om baie spannend te verloop. Suid-Afrika se groot hoop in dié nommer, Akani Simbine, spog sover vanjaar met 'n vinnigste tyd van 10.05 sek. Só ook die Jamaikaan, Yohan Blake.

Die man wat egter vanjaar nog die vinnigste was, is die Brit Zharnel Hughes, wat 'n 10.01 gehardloop het. Asafa Powell van Jamaika sal weens 'n besering nie by die Statebondspele in aksie wees nie.

Hoewel Antonio Alkana vanjaar nog nie naby aan sy Afrikarekord van 2017 van 13.11 sek. in die 110 m-hekkies gekom het nie, bly hy die voorste atleet op die wêreldranglys. Sy vinnigste tyd vanjaar is 13.39 sek.

Wenda Nel se 54.96 sek. by Tuks beteken dat sy ook tans die voorste plek in die 400 m-hekkies beklee, met Jamaika se Janieve Russell wat in 2017 'n haastige 54.02 aangeteken het.

This article is copyright protected and licensed under agreement with DALRO. Redistribution, modification, re-sale of this is not allowed without prior written consent of the original author of the works.